

# DIE SKIETLOOD

Hierdie SKIETLOOD: 10e Uitgawe saam  
met KOERSVAS Uitgawe 11 Jaargang 1  
22 Maart 2013

## Bond van Selfstandige gemeentes en die steedsHervormers

Die vorming van die Bond van Selfstandige/Onafhanklike gemeentes het die voortbestaan van die steedsHervormers onder die vergrootglas geplaas. Wat is die doel en bestaansreg van die steedsHervormers? Oor jare en veral sedert 1995 het verskeie predikante, ouderling/kerkraads/gemeente en ringsvergaderings hul kommer uitgespreek oor die rigting wat die NHKA besig was om in te neem.

Daar was ook die veelbesproke HCM Fourie stigting/vriendekring wat oor jare 'n leidende rol gespeel het in die bewusmaking van die dreigende krisis in die NHKA. Oor jare was daar duisende rande spandeer aan vergaderings, ure aan telefoonoproep, dae aan beskrywingspunte en studiestukke. Daar was ook deurlopende gesprekke met die Kommissie.

Publikasies soos *Koers in Leer en Lewenskwessies*, vele brieve aan die Hervormer waarvan sommige gepubliseer is, asook vele brieve aan opeenvolgende Kommissies is op rekord. Vele pogings is aangewend om die Kerkleiding en Kerkvolk te probeer inlig en bewus te maak van die alternatiewe teologie en rigting wat die NHKA besig was om in te slaan. Nodeloos om te sê in vele opsigte sonder sukses.

Elke keer was "die styl of trant die Kerk nie waardig nie". Sprekers en skrywers was keer op keer afgemaak as belaglik, "regs of fundamentalisties". Dit is nie

nodig om weer te wys op die onlangse gebeure nie, dit is algemeen bekend: Die Beswaarskrif, die hantering van die Beswaarskrif (asook die mense daarby betrokke) deur die Kommissie en die gebeure en optredes by die BAKV. Enige persoon wat die gebeure meegemaak of gevolg het, sou besef dat al die tyd, geld en energie 'n mors van tyd was. Die boodskap van die BAKV was duidelik: "Maak soos ons sê, betaal wat ons vra, of vat jou goed en loop".

Weer eens was pogings om die NHKA tot ander insigte te bring futiel. Maar ten spyte van ongenaakbare optrede deur die Kerkleiding en verskeie pogings tot belaglikmaking, is die steedsHervormers in die lewe geroep om weer eens te probeer en in die besonder te onderhandel vir akkommodasie binne die NHKA. Ook nodeloos om te sê, sonder veel sukses. Weer eens is daar gepoog met die Staat van Belydenis, sonder enige sukses ten opsigte van reaksie vanaf die KommAKV. Inteendeel die reaksie het net meer aggressief en meer onkerkordelik geword.

Die NHKA leiding se boodskap was duidelik: TRAP NOU! Met harde werk, en ingeligde advies van regslui is daar 'n wettige manier op die tafel geplaas om uit te kon beweeg. Die proses is nou al byna 'n jaar aan die gang, met ongeveer 13 gemeentes wat al selfstandig funksioneer.

Nou, vergadering na vergadering, word vertel van prosesse wat (onder moeilike



omstandighede) afgehandel moet word. Om 'n beginselbesluit te neem, is nie 'n proses nie, dit word ook nie beïnvloed deur moeilike omstandighede nie.

Na die 69ste AKV het sekere predikante en gemeentes 'n beginsel-/geloofsbesluit geneem. Na alle interne remedies uitgeput is, het gemeentes en predikante besluit om nie langer binne die NHKA te bly nie. Dat daar nog gemeentes is wat sukkel weens juridiese redes, is verstaanbaar, die besluit is reeds geneem. Maar dat daar nog steeds predikante en gemeentes is wat op die draad sit, is onverstaanbaar. Die steedsHervormers het in een van sy belangrike doelwitte gefaal.

Na al die jare se pogings is dit duidelik dat die NHKA nie gaan regkom nie, politiek is vir die NHKA belangriker as geloof. Watter impak het die steedsHervormers? Dit wil lyk asof die funksie wat die steedsHervormers het, vir sekere lidmate en predikante van die NHKA 'n ruimte blyk te wees waarbinne hulle hul gewetens kan sus.

Daar word geld geskenk aan sH, vergaderings word bygewoon, daar word vlytig deelgeneem op die Bakkiesblad en om braaivleisvure gespekuleer oor assosiasie met die steedsHervormers. My vraag is dit: Is dit billik om van Bondsgemeentes te verwag om die steedsHervormers aan die lewe te hou? Wat gaan die steedsHervormers regkry by die 70 ste AKV? Trouens as jy nog by die NHKA is, is jy werkelik 'n Hervormer in jou teologiese benadering?

Op hierdie stadium moet daar twee groeperings wees: die wat uit is, en die wat in proses is (en die tyd word ook vir diegene min). Binne die NHKA gaan daar nie gevorder word nie. Die tyd is verby om ruimtes te skep waar mense

hulle hande en gewete (en voete....) kan kom was. Met terugskoue was die HCM Fourie in vele opsigte so 'n ruimte gewees. Mense wil graag deel vorm van 'n groter groepering, want daar is min mense wat selfstandig kan funksioneer, daarom organisasies soos die Broederbond en Vrymesselaars (Organisasies waarbinne baie ampsdraers hulself skynbaar bevind). Lidmate se denkpatroon werk ook so. Hulle glo as hulle deel van die grootste kerk is, is hulle saligheid gewaarborg.

### **Onthou God weeg, hy tel nie.**

Vir my persoonlik was die afgelope twee jaar 'n ontnugtering, 'n skok om te sien hoeveel mense werkliek beginsels het, om nie eers te praat van geloofsbeginnels nie. Ek praat nie net van mense binne die NHKA nie, maar ook in ons eie geledere wat oor jare saamgepraat en -geëet het en nou met talle redes en verskonings kom. Ek wonder net wat gaan die verskonings wees na die 70 ste AKV. Die AKV gaan waarskynlik baie aggressief besluit oor die steedsHervormers; onthou gerus hoe toegespits die aanslae was teen die HCM Fourie vriendekring. Die dae van steedsHervormers gebruik as platvorm vir optrede en beswaar maak is aan die verbygaan. Neem jou besluit: BLY of RY? Bly: Saam met die NHKA, dosente, politieke korrektheid en -dienstigheid en 'n metaforiese glo. Ry: Onafhanklik met eie gemeentelike besluitneming en navolging van die geïnspireerde Woord van God.

*Dank aan ds Rudi Schoeman vir hierdie uitgawe van Skietlood.*